NG GEMEENTE HEUWELSIG, BLOEMFONTEIN

VAKATURE: MEDELERAAR

(Voltyds-onbepaalde pos)

Die kerkraad nooi gelegitimeerdes met volle ampsbevoegdheid binne die NG Kerk om aansoek vir bogenoemde vakature te doen.

1. **Gemeenteprofiel**
   - Die visie van die gemeente is: *Lewe tot eer van Christus die Heer!*
   - Die voornemende aansoeker moet kennis neem dat die kerkraad van die gemeente die Belydenis van Belhar aanvaar het en die Algemene Sinode se besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings onderskryf.
   - Ons het 1665 belydende lidmate en 484 dooplidmate.
   - Die bedieninge vind deur bedieningsgroepe plaas, wat fokus op die jeug, families, seniors, uitreike, getuienis en kleingroepe.
   - Die gemeente het twee voltydse leraars en een gekoppelde leraar.
   - 'n Kantoor waaruit die leraars funksioneer, word by die kerkkantoor voorsien.

2. **Leraarsprofiel:**
   - **A. Verantwoordelikhede soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde.**
   - **B. Verantwoordelikhede rakende jeug en gesinne.**
     Die leraar sal saam met gewone gemeentelike bediening ook vir die Familie- en Jeugbedieningsgroep verantwoordelik wees. Dit behels onder andere die verdere uitbou van die Familie- en Jeugbedieningsgroep in die gemeente wat insluit, Laerskoolbediening, Tienerbediening en Bediening aan Naskoolse Jongmense. Vorige ondervinding in Jeug- en Familiebediening sal as 'n aanbeveling dien.
     Die betrokke kandidaat moet oor die volgende vaardighede en karaktereienskappe beskik:
     - Reeds 4 - 8 jaar ervaring as gevestigde predikant hê.
     - Interpersoonlike vaardighede met inagneming van die uiteenlopende ouderdomsprofiele in die gemeente, met die fokus op jongmense.
     - Dinamies om met die veranderende behoeftes en uitdagings van die gemeente tred te hou.
     - Missionaal gerig wees.
     - Deursettingsvermoë.
     - Vaardig in die gebruik van tegnologiese hulpmiddels wees.
     - Aanpasbare bedieningsmetodiek vir tradisionele, sowel as alternatiewe dienste.
     - Passievol, energiek, inspirerend, verbeeldingryk, innoverend en kreatief.

3. **Aansoekprosedure:**
   Belangstellendes stuur 'n beknopte CV (2 - 4 bl A4's) met kontakbesonderhede van drie referente aan die kerkkantoor. Sluitingsdatum is **Vrydag 15 Desember 2017**. Kandidate moet tot 'n onderhoud en 'n preekbeurt bereid wees, indien so versoek word. Aansoeke moet aan die administratiewe beampte, Anmar Potgieter, by admin@ngkerkheuwelsig.co.za gestuur word.

4. **Vergoeding:**
   Volgens die riglyne van die Algemene Sinode van die NGK soos aanbeveel in die skrywe van die saakgelastigde van die NGK in SA. Behuising sal met die geskikte kandidaat onderhandel word.

5. **Diensaanvaarding:** Nie later as **1 Mei 2018** nie.

6. **Provisio:** Die kerkraad behou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, nie 'n aanstelling/beroep uit die aansoekers te bring nie.

7. **Navrae:** Die kerkkantoor: 051 436 1967, admin@ngkerkheuwelsig.co.za